

Saterdag 27 Augustus

Skrifgedeelte: Psalm 117:1-2

Fokusgedeelte: Psalm 117:1-2

Almal loof, prys die HERE vir sy goedheid, genade, liefde, trou!

In Matteus 26:30 staan daar: “En nadat hulle die lofsang (dit is Psalm 115-118) gesing het, het hulle uitgegaan na die Olyfberg.” Jesus sing lofsange kort voordat Hy gevange geneem is om gekruisig te word! Hy sing dus uit volle bors onder andere Psalm 117! Sal jy “Loof en prys die HERE!” kan sing in sulke omstandighede ...? Hoe kon Jesus dit regkry? Hoekom vorm juis hierdie Psalm deel van die Pasga-liturgie?

Psalm 117 praat van nasies (= heidense volke) en volke (=Israel en sy stamme). Dus: Psalm 117 sê dat alle heidense volke wêreldwyd én die stamme van Israel opgeroep word om die HERE, die Verbondsgod, te loof en te prys. Almal!? Ja, dít het mos gebeur tydens die uitstorting van die Heilige Gees! Handeling 2:1: “Ons hoor hulle in ons eie taal van die groot daade van God spreek!” Mense uit 16 landstreke loof, prys die Here tesame!

Hoekom word die mense aangemoedig om God te loof? “Want sy goedertierenheid is geweldig oor ons, en die trou van die HERE is tot in ewigheid. Halleluja!” (vs 2). “*Goedertierenheid*” is ’n ou Afrikaanse woord wat goedheid, genade, liefde en trou beteken. Waarom word dit tydens Pasga gesing? Die HERE het sy goedheid, genade, liefde en trou gebruik toe Hy Israel uit Egipte bevry het (Deut.7:7 ,8). Aan Abraham is ’n belofte gemaak dat alle nasies uit Abraham se nageslag geseën sal word (Gen. 12:3).

Jesus kón Psalm 117 sing, want Hy is die vervulling van hierdie belofte aan Abraham. Én Jesus is die vervulling van wat die Pasga wil afteken. Jesus sing omdat Hy nou op pad is om die Lam van God te wees, wat geslag word om God se kinders uit die verbondsvolk én uit die heidense nasies te verlos.

Jesus het singend en vrywillig kruis toe gestap om sy verlossingswerk te gaan doen! Hierdeur het die verbondsvolk én die nasies in die geloof één geword. Hulle kon die HERE *saam* loof en prys. In geloofsgemeenskap saam met die gelowiges wêreldwyd roep ons uit: Halleluja! Loof en prys die HERE, want Jesus Christus het God se goedheid, genade, liefde en trou aan ons bewys en ons volkome bevry en gered!

Sing: Psalm 117-1:1

Ds. AH Stavast (Arie) (Pretoria/Kroonstad)